Dienste beskikbaar aan studente op kampus

Kampussekuriteit

Kontak die Stellenbosch-kampusbeheerkamer vir sekuriteit en noodgevalle by 021 808 2333 of WhatsApp 082 808 2333, of skakel 021 808 4891 vir algemene navrae. Vir veiligheid en noodgevalle op die Tygerberg-kampus, skakel 021 938 9507. Hulle is 24/7 beskikbaar.

Kampusgesondheidsdienste & sielkundige dienste

Dokters en verpleegsters is beskikbaar by die Kampus-gesondheidsdienste te Classenstraat 7, Stellenbosch (langs Metanoia-koshuis). Skakel hulle by 021 808 3496/3494. Vir bystand by die Studentesentrum in Francie van Zijl-rylaan, Tygerberg-kampus, skakel 021 927 7020. ER24 bestuur 'n 24-uur-krisisdiens vir emosionele en sielkundige noodgevalle wat by 010 205 3032 bereik kan word. Besoek asseblief Victoriastraat 49 in kantoorure (08:00-16:30) indien jy 'n sielkundige krisis sou beleef.

Toeganklike parkering

Die US maak voorsiening vir die parkeerbehoeftes van studente met mobiliteitsprobleme. Vir bystand kontak me Melanie Willems by 021 808 3675 of mwillems@sun.ac.za.

Sportaktiwiteite

Die Universiteit bied verskeie sportkodes vir persone met gestremdhede. Kontak mnr Wentzel Barnard by 021 808 3537 of wwb2@sun.ac.za vir meer inligting.

Kontak ons

Vir enige navrae, probleme of kommentaar:

Navrae oor toeganklike studiemateriaal:

braille@sun.ac.za, of besoek die Hulpbronne-kantoor in die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou, 3de verdieping, hoek van Ryneveld- en Merrimanstraat.

Navrae spesifiek vir die Eenheid vir Gestremdhede, asook algemene gestremdheidsverwante navrae:

disability@sun.ac.za, of besoek die Eenheid vir Gestremdhede te Victoriastraat 39, Simon Nkoli Huis.

Vir Tygerberg-konsultasies kontak asseblief disability@sun.ac.za.

Telefoon 021 808 4707

SCAN ME

Besoek ons

Webtuiste: www.sun.ac.za/cscd Eenheid vir Gestremdhede

Facebook: @sudisabilityunit

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

Eenheid vir Gestremdhede

Sentrum vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling

Inligting

Eenheid vir Gestremdhede

Die Eenheid vir Gestremdhede (EG) maak deel uit van die Sentrum vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling (SSVO). Die Eenheid bied verskeie dienste aan studente met gestremdhede. Die dienste is vir bestaande studente van die Universiteit en vir voornemende studente. Akademiese steun word aan bestaande studente verleen om te help wanneer en waar nodig. Voornemende studente ontvang hulp by die EG deur konsultasies, waar enige vrae oor die toeganklikheid van die onderskeie kampusse beantwoord word.

Steun aan studente

Studiemateriaal

Vir studiemateriaal in toeganklike formate, besoek kamer 367 by HUMARGA in die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou en bespreek jou spesifieke behoeftes. Andersins kan jy 'n e-pos stuur aan braille@sun.ac.za vir meer inligting.

Ondersteuningstegnologie

Rekenaars met skermlees-, vergroot- en teks-na-spraak-sagteware soos JAWS, Read & Write en ZoomText, asook brailledrukkers en digitale vergrootglase is beskikbaar by HUMARGA. Ondersteuningstegnologie is ook by die US-, Teologie-, en Musiekbiblioteek beskikbaar. Vir navrae oor ondersteuningstegnologie op jou persoonlike toestelle, kontak Rudi le Roux by 021 808 2128 of e-pos rlr@sun.ac.za.

Hoe om aansoek te doen by SU

Studie

Doen aansoek op die US se Aansoekportaal by (http://www.sun.ac.za/english/maties/apply). Alle studente moet die Nasionale Normtoets (NNT) aflê. Vir navrae in verband met vergunnings, kontak die NNT- projekspan direk by www.nbt.ac.za.

Vergunnings vir eksamens en toetse

Vergunnings soos ekstra skryftyd of die verskaffing van dokumente in groot lettertipes kan gemaak word vir toetse en eksamens. 'n Komitee beoordeel die aansoeke vier keer gedurende die jaar. Besoek https://www.sun.ac.za/english/students/Pages /Tests-and-Exams.aspx vir toegang tot die aansoekvorms en sluitingsdatums.

Finansiële steun Support

Vir finansiële steun om jou studie- en/of verblyfgeld te dek, kontak me Lynette Williams by die Sentrum vir Beurse en Lenings, Afdeling Studentetoegang, by lrw@sun.ac.za, of die Kontak- en Kliëntedienssentrum by 021 808 9111. Jy kan aansoek doen vir 'n beurs van die Nasionale Hulpskema vir Studente (NSFAS) via www.nsfas.org.za.

Akkommodasie

Doen aansoek vir universiteitsverblyf op dieselfde aansoekportaal as vir graadstudie. Kontak die US se Kontak- en Kliëntedienssentrum by 021 808 9111, of e-pos info@sun.ac.za vir verdere navrae. Afkampus-/privaatverblyfnavrae kan gerig word aan Kommersiële Dienste by 021 808 3950, Neelsie Eiendomme (geleë in die Neelsie Studentesentrum op Stellenboschkampus), by 021 887 3780, of besoek Student Stellies Stay by www.stellies-student-stay. .co.za.

Akademiese steun

Akademiese tutors

Indien jy akademiese steun vir individuele vakke benodig, kontak asseblief die betrokke dosente en fakulteitsteunbeamptes in jou fakulteit.

Skryfkonsultasies

Benodig jy gratis advies oor die skryf van opdragte? Is jy onseker oor hoe om te begin? Kontak me Anne-Mari Lackay by 021 808 2989 of skryflab@sun.ac.za, of skakel Vinelene Hartley by 021 808 2161.

Biblioteek

Studente wat bystand en/of opleiding benodig om biblioteekbronne op te spoor kan met hul betrokke fakulteitsbibliotekaris in verbinding tree.

Werkswinkels

Die Sentrum vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling (SSVO) bied verskeie steundienste soos berading vir persoonlike probleme, loopbaanbeplanning en werk-soekvaardighede, stres- en tydbestuur, studie-vaardighede, en verskeie gestremdheid-leierskap- en bewusmakingsprogramme. Vir toegang tot SSVO-steungroepe, besoek www.sun.ac.za/cscd. Vir akademiese vaardigheidsontwikkeling, stuur 'n e-pos aan studiesuccess@sun.ac.za, en skryf in vir 'n sessie. Stuur 'n e-pos aan disability@sun.ac.za om te registreer vir enige gestremdheidsleierskap- en bewusmakingsprogram, soos ons *Lead with Disability*-program of die doelgemaakte gestremdheid-bewusmakingsessies.